

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA
BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

R0,30

Friday 19 May 1989

WINDHOEK

Vrydag 19 Mei 1989

No. 5716

Advertisements

Advertensies

**PROCEDURE FOR ADVERTISING IN THE
OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA**

**PROSEDURE VIR ADVERTENSIES IN DIE OFFISIËLE
KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA**

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements, is published on every Friday. If a Friday falls on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat, verskyn elke Vrydag. Indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertisements for publication in the *Official Gazette* must be in the language in which it is to be published and be addressed to the Official Gazette Office, P.B. 13200, Windhoek, 9000, or be delivered at Room 27, Cohen Building, Windhoek, not later than 15h00 on the ninth working day before the date of publication of the *Official Gazette* in which the advertisement is to be inserted.

2. Advertensies vir publikasie in die *Offisiële Koerant* moet in die taal waarin dit sal verskyn aan die Offisiële Koerantkantoor, P.S. 13200, Windhoek 9000 geadresseer word of by Kamer 27, Cohengebou, Windhoek, ingehandig word nie later nie as 15h00 op die negende werksdag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die adverteerder of sy agent verskaf word indien verlang.

4. Only legal advertisements shall be accepted for publication in the *Official Gazette* and are subject to the approval of the Secretary: Civic Affairs and Manpower who may refuse the acceptance or further publication of any advertisement.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aanvaar en is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris: Burgersake en Mannekrag wat die aanvaarding of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. The Secretary: Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

5. Die Sekretaris: Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertisements must as far as possible be typewritten. The manuscript of advertisements must be written on one side of the paper only and all proper nouns plainly inscribed. In the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be reprinted on payment of the cost of another insertion.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op die een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In gevalle waar 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. No liability is accepted for any delay in the publication of advertisements/notices, or for the publication of such on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is accepted in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publikasie van advertensies/kennisgewings, of die publikasie daarvan op 'n ander datum as die datum deur die adverteerder bepaal nie. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

8. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publikasie hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ookal, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R25 plus GST per annum, post free in this territory and the Republic of South Africa, obtainable from Star Binders and Printers, P.O. Box 56, Windhoek, 9000. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* are obtainable from Star Binders & Printers, P.O. Box 56, Windhoek 9000, at the price as printed on copy. Copies are kept in stock for two years only.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, postal or money orders:

LIST OF FIXED TARIFF RATES

STANDARDISED NOTICES	Rate per insertion R
Transfer of business	3,25
Deeds: Lost documents	6,00
Business notices	5,00
Administration of Estates Acts Notices, Forms J. 187, 193, 197, 295, 297, 517 and 519	2,00
Third party insurance claims for compensation ..	2,50
Insolvency Act and Company Acts Notices: J. 28, J. 29. Forms 1 to 9	4,00
N.B. — Forms 2 and 6 — additional statements according to word count table, added to the basic tariff.	
Change of name (four insertions)	60,00
Naturalisation notices (including a reprint for the advertiser)	2,00
Unclaimed moneys — only in the <i>Official Gazette</i> Extraordinary, closing date 15 January (per entry of "name, address and amount")	0,80
Butchers' notices	5,00
Slum Clearance Court Notices, per premises ...	4,00
Lost life insurance policies	2,00
NON-STANDARDISED NOTICES	
Company notices:	R
Short notices: Meetings, resolutions, offers of compromise, conversions of companies, voluntary windings-up, etc.: closing of members' registers for transfer and/or declarations of dividends ..	11,00
Liquor Licence Notices (In <i>Official Gazette</i> , Extraordinary viz. (June/Tvl; November/Cape; January/O.F.S.; April/Natal), per bilingual application	7,00
Declaration of dividends with profit statements, including notes	25,00
Long notices: Transfers, changes in respect of shares or capital, redemptions, resolutions, voluntary liquidations	37,00
Trade marks in South West Africa	11,00
Liquidators' and other appointees' notices	7,00

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R25 plus belasting posvry in hierdie gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by Star Binders & Printers, Posbus 56, Windhoek, 9000. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruitbetaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van Star Binders & Printers, Posbus 56, Windhoek, 9000 teen die prys soos gedruk op eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

LYS VAN VASTE TARIWE

GESTANDAARDISEERDE KENNISGEWINGS	Tarief per plasing R
Oordrag van besigheid	3,25
Aktes: Verlore dokumente	6,00
Besigheidskennisgewings	5,00
Boedelwettekennisgewings: Vorms J. 187, 193, 197, 295, 297, 517 en 519	2,00
Derdepartyassuransie-eise om skadevergoeding ..	2,50
Insolensiewet- en maatskappywettekennisgewings: J. 28, J. 29. Vorms 1 tot 9	4,00
L.W. — Vorms 2 en 6 — bykomstige verklarings volgens woordetabel, toegevoeg tot die basiese tarief.	
Naamsverandering (vier plasinge)	60,00
Naturalisasiekennisgewings (insluitende 'n herdruk vir die adverteerder)	2,00
Onopgeëiste geld — slegs in die Buitengewone <i>Offisiële Koerant</i> sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywings van "naam, adres en bedrag")	0,80
Slagterskennisgewings	5,00
Slumopruimingshofkennisgewings, per perseel ..	4,00
Verlore lewensversekeringspolis	2,00
NIE-GESTANDAARDISEERDE KENNISGEWINGS	
Maatskappykennisgewings:	R
Kort kennisgewings: Vergaderings, besluite, aanbod van skikking, omskepping van maatskappye, vrywillige likwidasie, ens.: sluiting van lederegisters vir oordragte en/of verklarings van dividende ..	11,00
Dranklisensiekennisgewings (in Buitengewone <i>Offisiële Koerante</i> , t.w. (Junie/Tvl.; November/Kaap; Januarie/OVS; April/Natal) per tweetalige aansoek	7,00
Verklaring van dividende met profytstate, notas ingesluit	25,00
Lang kennisgewings: Oordragte, veranderings met betrekking tot aandele of kapitaal, aflossings, besluite, vrywillige likwidasies	37,00
Handelsmerke in Suidwes-Afrika	11,00
Likwidateurs en ander aangesteldes se kennisgewings	7,00

SALES IN EXECUTION AND OTHER PUBLIC SALES:

Sales in execution	18,00
Public auctions, sales and tenders:	
Up to 75 words	6,00
76 to 250 words	15,00
251 to 350 words	23,00

ORDERS OF THE COURT:

Provisional and final liquidations or sequestrations	14,00
Reduction or change in capital mergers, offers of compromise	37,00
Judicial managements, <i>curator bonis</i> and similar and extensive <i>rule nisi</i>	37,00
Extension of return date	4,00
Supersession and discharge of petitions (J. 158)	4,00

11. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 10 is at the rate of 56c per cm double column. (Fractions of a cm must be calculated as a cm).

12. No advertisements shall be inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal or money orders must be made payable to the Secretary: Civic Affairs and Manpower.

GEREGTELIKE EN ANDER OPENBARE VERKOPE:

Geregte like verkope	18,00
Openbare veilings, verkope en tenders:	
Tot 75 woorde	6,00
76 tot 250 woorde	15,00
251 tot 350 woorde	23,00

ORDERS VAN DIE HOF:

Voorlopige en finale likwidasies of sekwestrasies	14,00
Vermindering of verandering in kapitaalsame-smeltings, aanbod van skikking	37,00
Geregte like besture, <i>curator bonis</i> en soortgelyke en uitgebreide bevel <i>nisi</i>	37,00
Verlenging van keerdatum	4,00
Tersydestellings en afwysings van petisies (J. 158)	4,00

11. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 10 genoem word, is teen die tarief van 56c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

12. Geen advertensie word geplaas tensy die koste nie vooruitbetaal is nie. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris, Burgersake en Mannekrag betaalbaar gemaak word.

Form/Vorm J187

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35(5) of Act 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, *unless otherwise stated*) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons interested therein for a period of 21 days (or shorter or longer *if specially stated*) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Master and Magistrates as stated.

Should no objection thereto be lodged with the Master concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

210/88 ENSLIN Robin, 340324 5003 00 2, Grootfontein, Supplementêre, Grootfontein, Windhoek. Standard Bank SWA Beperk, Posbus 2164, Windhoek 9000.

54/89 VON BRATT Nils Biörn, 491016 0031 3, Kombat, Grootfontein, Windhoek. Standard Bank SWA Beperk, Posbus 2164, Windhoek 9000.

60/89 GREEFF Gerhardus Petrus, 190301 01 0002 3, Windhoek. Tweede & Finale, Windhoek. Windhoek. Standard Bank SWA Beperk, Posbus 2164, Windhoek 9000.

564/88 OTTERBACH Elisabeth Marie, 0806050013101, Okahandja, Okahandja, Windhoek. Mr. Klaus Nieft - Executor c/o Keller & Neuhaus Trust Co. (Pty) Ltd., P O Box 156, Windhoek 9000.

LIKWIDASIE- EN DISTRIBUSIEREKENING IN BESTORWE BOEDELS WAT TER INSAE LÊ

Ingevolge artikel 35(5) van Wet 66 van 1965, word hierby kennis gegee dat duplikate van die likwidasie- en distribusierekenings (eerste en finale, *tensy anders vermeld*) in die boedels hieronder vermeld, in die kantore van die Meester en Landdroste soos vermeld en gedurende 'n tydperk van 21 dae (of korter of langer *indien spesiaal vermeld*) vanaf gemelde datums of vanaf datum van publikasie hiervan, as dit later is, ter insae lê van alle persone wat daarby belang het.

Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die eksekuteurs oor tot die uitbetalings ingevolge gemelde rekenings.

123/89 ERNESTO Netinju, 6706139900681, Ondangwa, Ondangwa, Windhoek. Swatex (Eiendoms) Beperk, Posbus 249, Windhoek 9000.

74/88 SAUNDERSON Gert Albertus, 920830 08 0001 1, Plaas Buschpafanne, Keetmanshoop Distrik, Eerste, Keetmanshoop, Windhoek. Bank Windhoek Beperk, Boedel- en Trustafdeling, Posbus 15, Windhoek 9000.

209/88 ACKERMANN Friedrich 180404 5021 00 7, Aranos, Aranos, Windhoek. Bank Windhoek Beperk, Boedel- en Trustafdeling, Posbus 15, Windhoek 9000.

279/88 DE BRUIN Jan Hendrik, 110806 01 0006 2, Hentiesbaai, Swakopmund, Windhoek. Bank Windhoek Beperk, Boedel- en Trustafdeling, Posbus 15, Windhoek 9000.

Form/Vorm J 193**NOTICE TO CREDITORS IN
DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the estates mentioned below are hereby called upon to lodge their claims with the executors concerned, within 30 days (or otherwise as indicated) calculated from the date of publication hereof. The information is given in the following order: Estate number, surname and christian names, date of birth, identity number, last address, date of death; surviving spouse's names, surname, date of birth and identity number; name and address of executor or authorised agent, period allowed for lodgement of *claims if other than 30 days*.

148/89 VISSER Floris David, Windhoek, 18.11.1919, 1911185017008, Usakos, 7 Maart 1989. Johanna Magrietha Jacoba Visser, 05.03.1931. 3103050100099. Eerste Persam, Posbus 448, Windhoek 9000.

127/89 ROBBERTS Joseph Jacobus, Windhoek, 24 Maart 1905, 050324 5002 00 4, Outjo, 24 Februarie 1989. Elizabetha Magdalena Johanna Cornelia Robberts, 18 November 1911, 110118 0100 01 8. Eerste Persam, Posbus 448, Windhoek 9000.

DARE Johanna Magrieta, Windhoek, 10.12.1939, 391219 01 00361, Windhoek. 5 Maart 1989. Standard Bank SWA Beperk, Posbus 2164, Windhoek 9000.

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN
BESTORWE BOEDELS**

Alle persone wat vorderinge het teen die boedels hieronder vermeld, word hierby versoek om hul vorderinge by die betrokke eksekuteurs en binne 'n tydperk van 30 dae (of andersins soos aangedui) gereken vanaf die datum van publikasie hiervan in te lewer. Die inligting word verstrek in die volgorde: Boedelnummer, familienaam en voorname, geboortedatum, persoonsnommer, laaste adres, datum oorlede, familienaam en voorname van oorlewende eggenoot(e), geboortedatum en persoonsnommer; naam en adres van eksekuteurs of gemagtigde agent, tydperk toegelaat vir lewering van vorderings *indien anders as 30 dae*.

185/89 HILZINGER (née Marciniak), Helene Elizabeth, Windhoek. 18.04.1909. 090418 0012 10 9, Susanne Grau Heim, Windhoek. 9.04.1989. D. Mathews Executor, P O Box 82, Windhoek 9000.

126/89 KOTZÉ Dirk Jacobus Johannes, Windhoek, 13.11.1935, 351113 0100 06 6, WOK Kollege Kampus, Windhoek, 9000. 10.12.1988. Die Bestuurder, Bankorptrust Beperk, Posbus 680, Bellville, 7535 (Eksekuteur).

Form/Vorm J 28**ESTATES OR COMPANIES SEQUESTERED OR
WOUND UP PROVISIONALLY**

Pursuant to section 17(4) of the Insolvency Act, 1936, and section 356(1) of the Companies Act, 1973, notice is hereby given by the Master of the Supreme Court that the estates or companies mentioned below have been sequestered or wound up provisionally by order of the said Court.

The particulars are given in the following order: Number of estate or company/name and address of estate or company/date upon which and division of Court by which order made and upon the application of whom.

W 15/89 JOHAN VAN WYK, 24 April 1989, Meesterskantoor, Hooggeregshof, Beka Lighting (Pty) Ltd.

**BOEDELS OF MAATSKAPPE WAT VOORLOPIG
GESEKWESTREER OF GELIKWIDEER IS**

Ingevolge artikel 17(4) van die Insolvensiewet, 1936, en artikel 356(1) van die Maatskappywet, 1973, word hierby deur die Meester van die Hooggeregshof kennis gegee dat die boedels of maatskappe hieronder vermeld voorlopig op las van genoemde Hof gesekwestreer of gelikwideer is.

Die besonderhede word verstrek in die volgorde: Nommer van maatskappy of boedel/naam en adres van maatskappy of boedel/datum waarop en afdeling van Hof waardeur order gemaak is en op die aansoek van wie.

W 16/89 CHRIS VAN WYK, 24 April 1989. Meesterskantoor, Hooggeregshof, Beka Lighting (Pty) Ltd.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Neem kennis dat PIETER WILLEM VAN ZYL voornemens is om die besigheid welke tans deur hom bedryf word as 'n ALGEMENE HANDELAAR onder die naam en styl van WESKUS BESTES SLAGHUIS te Erf nr 2, HENTIESBAAI en van Posbus 106, HENTIESBAAI te vervreem aan en ten gunste van WERNER ERNST ERMANN wie die gesegde besigheid vir sy eie rekening sal bedryf op dieselfde persele en onder dieselfde naam binne 'n tydperk van nie minder nie as 30 (dertig) dae na publikasie van hierdie kennisgewing, en dat hierdie kennisgewing geld in terme van Artikel 34 van die Insolvensiewet Nr 24 van 1936, en voorts, dat na 14 (veertien) dae na publikasie van hierdie kennisgewing die gesegde WERNER ERNST ERMANN aansoek sal doen by die Landdros vir die distrik van Swakopmund vir die oordrag van die handelslisensies ten opsigte van die gesegde besigheid in sy eie naam.

SWANEPOEL & KINGHORN
PROKUREURS VIR PARTYE
S.W.A. BOUVERENIGING GEBOU
POSTSTRAAT
POSBUS 1455
SWAKOPMUND
9000

REGISTRATION OF WELFARE ORGANISATION

The Rössing Foundation intends registering as a Welfare organisation in terms of article 19 of the Amendment Act on National Welfare 1979.

The objectives of the organisation are as follows:

To further the practical education of young people in order to achieve greater national productivity and to increase understanding between different races.

To encourage the creation and/or to create opportunities for people to use their education.

To promote the advancement of the living standards of all the people who live in South West Africa/Namibia.

Generally, to do any act or thing which, in the opinion of the Trustees, shall benefit the territory of South West Africa/Namibia, or any or all of its inhabitants.

Any person that intends submitting an objection to the registration, should address such representations within twenty-one days from this publication to The Secretary, Department of National Health and Welfare, Private Bag 13198, Windhoek, 9000.

N LOUIS
MANAGER: FINANCE AND ADMINISTRATION

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Neem kennis dat JACOBUS OOSTEWALT HORN voornemens is om die besigheid welke tans deur hom bedryf word as 'n DRANKWINKEL onder die naam en styl van HENTIESBAAI DRANKWINKEL te Erf nr 18, HENTIESBAAI en van Posbus 10, HENTIESBAAI te vervreem aan en ten gunste van PETER JOHN ROUX wie die gesegde besigheid vir sy eie rekening sal bedryf op dieselfde persele en onder dieselfde naam binne 'n tydperk van nie minder nie as 30 (dertig) dae na publikasie van hierdie kennisgewing, en dat hierdie kennisgewing geld in terme van Artikel 34 van die Insolvensiewet Nr 24 van 1936, en voorts, dat na 14 (veertien) dae na publikasie van hierdie kennisgewing die gesegde PETER JOHN ROUX aansoek sal doen by die Landdros vir die distrik van Swakopmund vir die oordrag van die handelslisensie ten opsigte van die gesegde besigheid in sy eie naam.

SWANEPOEL & KINGHORN
PROKUREURS VIR PARTYE
S.W.A. BOUVERENIGING GEBOU
POSTSTRAAT
POSBUS 1455
SWAKOPMUND
9000

KENNISGEWING**OORDRAG VAN HANDELSLISENSIE**

Kennis geskied hiermee dat na afloop van 14 (veertien) dae vanaf verskyning van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik van Windhoek om oordrag van die Restaurant Handelslisensie (verkoop en lewering van vooraf geëtiketeerde voedsel) wat gehou is deur mnr. J.J. van der Linde ten opsigte van die perseel en besigheid wat daarin gedryf word onder die naam Namutoni Food Supplies (Pty) Ltd, Bahnhofstraat 41, Windhoek, aan mnr. J H van der Westhuizen wie sodanige besigheid vir eie belang en rekening sal bedryf onder die naam Namutoni Food Supplies (Pty) Ltd.

KENNISGEWING

Boedel van wyle THERESIA FUCHS van die plaas Hellertal, distrik Grootfontein, Suidwes-Afrika, wat oorlede is op 26 Mei 1988 in die Stikland Hospitaal te Bellville.

(Boedelnommer 424/88)

Krediteure en debiteure in bovermelde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae gereken vanaf 22 Mei 1989.

Gertenbach & Van Zyl
Eksekuteurs
Posbus 259, TSUMEB

KENNISGEWING**OORDRAG VAN HANDELSLISENSIE**

Kennis geskied hiermee dat na afloop van 14 (veertien) dae vanaf verskyning van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik van Windhoek om oordrag van die Roomys Fabriek (Roomys en suiglekkers); Voetsmous (10 Roomysfietse); Algemene Handelaars (Melkprodukte) handelslisensies wat gehou is deur Mnr J J van der Linde ten opsigte van die perseel en besigheid wat daarin gedryf word onder die naam Namutoni Food Supplies, Bahnhofstraat 41, Windhoek aan Mnr J H van der Westhuizen wie sodanige besigheid vir eie belang en rekening sal bedryf onder die naam Namutoni Food Supplies (Pty) Ltd.

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika